



3

SESSIE DRIE

EENHEID: DIE HEILIGE GEES

VERVULLING MET DIE HEILIGE GEES

Hoe om met die Heilige Gees vervul te word; en hindernisse tot vervulling.

Eenheid Opdragte ([J1 4.3](#))

- Gaan voort met die memorisering van die boeke van die Ou Testament. Gebruik die [toepaslike oefening](#).
- Gaan voort met die skryf van jou persoonlike getuienis.

GEESTELIKE WAARHEDE

MEMORISEERVERS:

“Moet julle nie aan drank te buite gaan nie; daarmee gaan losbandigheid gepaard. Nee, laat die Gees julle vervul...”

Efesiërs 5:18 (ANV)

BYBELSTUDIE:

Wat ook al binne aangaan is eintlik wat belangrik is. 'n Kar is gemaak om met petrol of diesel volgemaak te word. Jy kan water ingooi – wat baie goedkoper sal wees – maar dan sal die kar ook nie doen wat jy van hom verwag nie. Netso, kan jy jou swembad vol sand maak, maar dit sal nie dieselfde verfrissing in die somer vir jou bring nie. Een van die prentjies wat in die Bybel oor ons geskets word, is dat ons houers is. Ons is bestem om met iets gevul te word.

Waarmee vul jy jou lewe? Daar is verskeie dinge wat ons kan kies om ons lewe mee te vul – werk, stokperdjies, familie, kerk aktiwiteite, ensovoorts. Die probleem is dat jy 'n besige lewe kan hê wat dolleeg is. Die dinge op jou kalender kan nie jou lewe vol maak nie. Ons is gemaak om met die teenwoordigheid van God vervul te word.

Sou jy sê daar was 'n tyd in jou lewe wat jy nader aan God was as nou? Indien wel, kan jy onthou hoe dit was? Wat het gebeur dat jy nie meer só naby is nie? Indien jy nou die naaste aan God is as ooit te vore, wat het hierdie nabyheid te weeg gebring wat jy tans beleef?

Dit is hartseer dat baie Christene se sonde vergewe is en dat hulle op pad hemel toe is, maar dat hulle huidige lewe gekenmerk word deur: 'n swak gebedslewe, nie gereelde Bybelstudie, op en af geestelike ervarings, kerk voel soos 'n verpligting, bang om ander van Jesus te vertel, nie regte vreugde en

vrede nie, slegte gesindheid, konstante twyfel in God, geen oorwinning oor sonde nie en hulle doen alles wat 'n Christen doen, maar in hulle harte maak dit geen verskil of hulle 'n Christen is of nie.

Indien die bogenoemde jou beskryf is daar een van twee opsies: óf jy is nie werklik 'n Christen nie óf indien jy wel is, is hierdie gevoelens soos rooi waarskuwingsligte wat flikker om jou te waarsku dat daar groot fout is in jou Christelike lewe. Moenie hierdie waarskuwings ignoreer nie. Hierdie is 'n waarskuwing dat jy heelmoontlik jou lewe in jou eie krag probeer leef.

Gebruik gerus die Bybelgedeeltes in die Geestelike Waarhede afdeling in jou daaglikse, persoonlike stiltetyd.

EFESIËRS 5:18-21 – Hierdie is die kerngedeelte wat handel oor die vervulling met die Heilige Gees.

Lees deur hierdie gedeelte en dink oor die opdrag om gevul te word met die Heilige Gees. Wat is die vrae wat by jou opkom as jy hierdie gedeelte lees? Wie se verantwoordelikheid is dit dat jy gevul word met die Gees? Wie almal moet gevul word? Hoe gereeld moet dit gebeur? Skryf jou gedagtes neer sodat jy dit met jou GROEP kan deel.



.....
.....
.....
.....

R

GALASIËRS 5:16-25 – In hierdie gedeelte spreek Paulus die stryd in ons harte aan tussen die sondige natuur (ons vlees), en dit wat die Gees van God vir ons wil hê. Hy vergelyk iemand se lewe wat toelaat dat die Gees hom/haar beheer en gevul is met die Gees, met die van ’n persoon se lewe wat oorgee aan sy/haar sondige natuur.

O

Dink jy die verskil van hierdie twee lewens lê meer in “ons wat dit doen”, of eerder “ons oorgawe” aan die beheer van die Heilige Gees? Verduidelik jou antwoord.

.....
.....
.....
.....

E

P

Na watter een van die vrug van die Gees het jy die grootste behoefte op hierdie stadium? Hoekom?

.....
.....
.....
.....

E

JESAJA 55:1-2; JEREMIA 2:13; MATTEUS 5:6; JOHANNES 7:37-39 – Hierdie gedeeltes wil iets verduidelik van ’n vereiste in ons lewe ten einde met die Gees gevul te word. In ons is daar ’n geestelike dors na God en ons kies wat ons met hierdie dors doen.

Lees deur elkeen van hierdie verse. Wat is dit wat ons moet doen met hierdie dors?

.....
.....
.....
.....

EFESIËRS 4:30 en 1 TESSALONISENSE 5:19 – Hierdie twee verse maak dit duidelik dat die keuses wat ons maak en wat ons doen, ’n invloed op die werking en vervulling van die Heilige Gees in ons lewens kan hê.

Lees hierdie verse dalk in meer as een vertaling en skryf neer wat jy dink hierdie verse beteken.

.....
.....
.....



GALASIËRS 2:20 en MARKUS 8:34-35 – Al twee hierdie gedeeltes wil iets verduidelik dat ons beheer moet oorgee aan die Heilige Gees. Ons moet nie meer in beheer wees van sekere aspekte van ons lewens nie.

R

Lees hierdie verse en skryf neer wat jy dink elkeen sê oor ons wat onself moet neerlê vir die beheer van die Heilige Gees.

.....
.....
.....

O

E

Opsomming:

Dink vir ’n oomblik aan die laaste keer wat jy gaste in jou huis gehad het. ’n Mens doen baie moeite om jou gaste welkom te laat voel. Jy berei etes voor en jy slaap selfs op die bank of die vloer sodat hulle gemaklik kan slaap – in die meeste huise is dit die kinders en nie jyself wat op die bank slaap nie. Dit maak egter nie saak hoeveel moeite jy doen om jou gaste welkom te laat voel nie, dit bly altyd jou huis en jy bly in beheer. God se Gees wil egter nie ’n gas in jou lewe wees nie. Hy wil hê jy moet die eienaarskap van jou lewe aan Hom oorgee. Hy wil hê jy moet elke fout, wond en sonde aan Hom erken en bely – Hy weet in elkgeval reeds wat dit is. Hy wil hê dat ons elke “kamer” van ons lewe sal oorgee aan sy beheer. Soos ons hierdie meer en meer doen, kom vul die Heilige Gees ons meer en meer met Homself en Paulus maak dit duidelik in Efesiërs 5:18 dat dit iets is wat elke gelowige moet doen – *laat die Gees julle vervul*.

P

E

Die Grieks, waarin die Nuwe Testament geskryf is, was ’n baie presiese taal en goed kon op ’n manier geskryf word dat daar geen onduidelikheid was oor wat die skrywer bedoel het nie. Hoe Efesiërs 2:18 in die Grieks geskryf is gee vir ons baie duidelikheid met wat bedoel word. Die gedeelte in Grieks wat sê: *“laat die Gees julle vervul”*, verduidelik vier belangrike aspekte om te onthou:

1. Die werkwoord is **meervoudig**. Dit beteken dat “almal gevul moet word”. Met ander woorde, alle Christene moet vervul word met die Heilige Gees. Nie net sommiges wat sekere funksies verrig nie.

2. Die werkwoord is **teenswoordige tyd**. Dit beteken dit is 'n herhalende aksie. Dit is iets wat ons weer en weer moet doen regdeur ons dag.
3. Die werkwoord is **passief**. Dit beteken dit is iets wat aan jou gedoen word eerder as iets wat jy self doen. Dit is God se werk in jou wat maak dat jy met die Gees vervul word. Dit is soos om 'n spons onder die water te druk. Die spons word gevul deur die water. Dit is iets wat aan hom gedoen word, maar as ek die spons sou vat en onder die water, die water in die spons uitdruk, sal hy nie vol water word nie alhoewel hy onder die water is. Netso moet ons ons houvas op ons lewe ook laat gaan sodat God se Gees ons kan vul.
4. Die werkwoord is **noodsaaklik**. Met ander woorde, dit impliseer 'n opdrag. God gee ons 'n opdrag om gevul te word met sy Gees. Dit is God se opdrag aan alle gelowiges om ten alle tye gevul te word met sy Gees. Die doop met die Heilige Gees plaas ons in 'n posisie om krag te ontvang. Die vervulling met die Gees dag na dag, stel ons in staat om in krag te leef.

G

Maar hoekom is dit dat só baie Christene hierdie lewe probeer leef sonder om gevul te wees met die Heilige Gees? Daar is verskeie redes en hindernisse waaraan ons moet aandag gee ten einde met die Gees vervul te kan word en daar is sekere dinge wat ons moet doen ten einde gevul te word:

R

1. Erken jou dors na geregtigheid

Ons is gemaak om te dors na God. Ons is almal geestelik dors en die vraag wat ons elke dag van ons lewe moet beantwoord is: "Waarheen gaan ek gaan om my geestelike dors te les?" Die duiwel lê baie keer materialisme, seksuele sondes, posisie en toekennings as opsies voor ons neer, maar dit is 'n leuen. Selfs die positiewe dinge soos verhoudings, vriende en ontspanning kan nie gee wat net Jesus kan gee nie. Ons moet nie vir onself probeer waterbakke bou om water te hou nie. Ons het die Fontein met lewende water nodig. Elke keer as ons dors het, sê God: "Kom na My!" Ons moet ons geestelike dors erken en na Jesus toe gaan met dit en vra dat Hy ons sal vul met sy Gees!

O

E

P

E

2. Bekeer jou van sonde in jou lewe

Daar is twee tipes sondes wat ons kan doen – aktiewe en passiewe sondes. Wanneer ons sekere dinge doen wat direk teen die wil van God of sy opdragte gaan, bedroef ons die Heilige Gees (Efesiërs 4:30). Dit is 'n aktiewe

sonde. Ons kan egter ook die Heilige Gees se werking in ons lewens blus deur na te laat om sekere dinge te doen wat God op ons hart druk om te doen. Dit is nie dinge wat direk teen God se gebooie en opdragte gaan nie, maar waar ons net nalaat om dinge te doen wat die Gees op ons hart druk.

Die Heilige Gees druk dit dalk op jou hart om met iemand oor Jesus te praat of om vir mense te bid en jy kies om dit nie te doen nie. Sonde keer dat ons gevul kan wees met die Heilige Gees. Dit is nodig dat ons, ons sondes bely (1 Johannes 1:9) en dat ons van ons sondes bekeer. Bekeer beteken ek verander my gedagtes oor 'n saak – ek het altyd so gedink oor 'n saak, maar nou stem ek saam met hoe God oor die saak dink en ek kry my gedagtes en oortuigings in lyn met dit. Ek draai om en weg van my sonde, en ek begin weer in lyn met God se wil. Ons wil egter baie keer ons sonde regverdig deur te sê, ek het 'n slegte dag of ek ervaar net bietjie druk. Ons moet dalk net begin bely en bekeer van ons selfsugtigheid en slegte gesindheid.

3. Gee jouself oor aan die beheer van die Heilige Gees

Om met die Gees gevul te word, is nie 'n saak van minder of meer nie. Dit is meer 'n saak van ja of nee. Ons kan nie eintlik sê daardie persoon was vanaand meer gevul met die Gees as die ander

persoon nie. Jy is óf gevul of jy is nie. Jy laat óf toe dat die Gees jou gesindheid en jou optrede beheer, óf jy doen nie. Soos ons groei in ons geestelike lewe, leer ons egter om nuwe areas van ons lewe neer te lê onder die beheer van die Heilige Gees. Ten einde dit te doen is dit belangrik dat jy JA sê vir Jesus, en NEE sê vir jouself. Wanneer ons beheer oorgee aan die Heilige Gees, moet ons glo dat God sal doen wat Hy gesê het Hy sal doen – Hy sal ons vul met sy Gees. Ons hoef nie te soebat en smee vir iets wat God reeds beloof het Hy vir ons sal gee en doen nie.

Ons sukkel egter baie keer met beheer en hou daarvan om in beheer te wees. Om deur die Gees gevul te word is dit belangrik dat ons kies om onself neer te lê vir die grootheid van God se plan vir ons lewens.

G

Bill Bright, stigter van Campus Crusade, verduidelik baie mooi waar iemand homself bevind as ons praat oor vervulling met die Heilige Gees en het drie verskillende prentjies ontwikkel om die verskillende persone te verduidelik waarvan die Bybel praat:

DIE NATUURLIKE MENS

R

“Die mens wat nie die Gees van God het nie, aanvaar nie die dinge van die Gees van God nie. Vir hom is dit onsin. Hy kan dit ook nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel moet word.”

1 Korintiërs 2:14

O

“Julle was dood as gevolg van julle oortredings en sondes wat voorheen julle lewenswyse gekenmerk het. Julle het gelewe soos hierdie sondige wêreld en julle laat lei deur die vors van die onsigbare magte, die gees wat daar nou aan die werk is in die mense wat aan God ongehoorsaam is.”

Efesiërs 2:1-2

E

Wanneer 'n mens geestelike dinge probeer verduidelik aan 'n persoon wat nie gered is nie, voel dit soms of julle in twee verskillende wêreldes is. Efesiërs 2:1 verduidelik dat as gevolg van ons sonde, is ons geestelik dood en verwyderd van God. 1 Korintiërs 2:14 verduidelik dat ons nie geestelike dinge kan verstaan sonder dat die Gees dit vir ons oopbreuk nie. Met die natuurlike persoon staan die “S” vir “self” op die troon van jou lewe. Jy bepaal wat moet gebeur. Die kruis is buite jou lewe omdat Jesus nie deel is van jou lewe nie. Die kolle verteenwoordig die verskillende areas en aktiwiteite van jou lewe wat buite beheer is. Dit kan nie anders wees nie, want ons is nie bedoel om 'n lewe in ons eie krag en wysheid te leef nie.

P

E

DIE GEESTELIKE MENS



“Die mens wat die Gees van God het, kan die waarde van alle dinge beoordeel, maar self kan hy deur geen mens beoordeel word nie.”

1 Korintiërs 2:15

“Die dinge waarmee die sondige natuur van die mens hom besig hou, loop uit op die dood, maar die dinge waarmee die Gees Hom besig hou, bring lewe en vrede.”

Romeine 8:6


Hierdie is die teenoorgestelde van die natuurlike persoon. Jy is nie perfek nie, maar God gee vir jou insig oor sy werk in jou en dinge in die wêreld (1 Korintiërs 2:15). Hier is “self” nie op die troon nie, maar Jesus Christus. Die prioriteite in jou lewe is duidelik en die aspekte en aktiwiteite in jou lewe is



in lyn gebring. Jy doen nie meer dinge om beter te voel oor jou lewe nie. Jy doen nou dinge in reaksie op God se liefde vir jou. Jy begin ervaar dat wanneer jou gedagtes beheer word deur die Gees, dit lewe en vrede in jou lewe bring (Romeine 8:6).

DIE WÊRELDSE/VLEESLIKE MENS

“Broers, ek kon met julle nie praat soos met mense wat hulle deur die Gees van God laat lei nie; ek moes praat soos met wêreldse mense, soos met kindertjies in die geloof in Christus. Ek het julle met melk gevoed, nie met vaste kos nie, want julle kon dit nog nie verteer nie. En julle kan dit ook nou nog nie verteer nie, want julle is nog wêreldse mense. Daar kom jaloesie en twis onder julle voor. Is dit nie omdat julle nog wêrelds is en julle wêrelds gedra nie?”



1 Korintiërs 3:1-3

Ons as geestelike mense kan kies om soos wêreldse mense op te tree. Alhoewel Christus in ons lewens is, plaas ons “self” weer op die troon. Dit is nie as gevolg van ’n bese bedoeling nie, maar dit is ’n besluit wat in ons lewens ingesluit het vir een of ander rede. Ons het half die idee ons moet God help of dat God wil hê ons moet harder probeer. Ons voel beter as ons in beheer is. Soms verbeel ons onself dat ons meer gedoen sal kry met “self” op die troon as Jesus Christus self.

Natuurlik werk dit nie en ons prioriteite is weer wat dit nie moet wees nie en dan probeer ons nog harder. Ons probeer die lewe in ons eie krag en wysheid leef en die gemors raak net groter. Dit is een ding om tot bekering te kom, maar dit is iets anders om ’n Geesvervulde lewe te leef. Baie Christene word vasgevang in hierdie “probeer net harder” strik.

Lees hierdie brief van ’n Christen wat vasgevang was in hierdie strik:

What I don't understand about myself is that I decide one way, but then I act another, doing things I absolutely despise...

But I need something more! ...if the power of sin within me keeps sabotaging my best intentions, I obviously need help! I realize that I don't have what it takes. I can will it, but I can't do it. I decide to do good, but I don't really do it; I decide not to do bad, but then I do it anyway. My decisions, such as they are, don't result in actions. Something has gone wrong deep within me and gets the better of me every time.

It happens so regularly that it's predictable. The moment I decide to do good, sin is there to trip me up. I truly delight in God's commands, but it's pretty obvious that not all of me joins in that delight. Parts of me covertly rebel, and just when I least expect it, they take charge.

I've tried everything and nothing helps. I'm at the end of my rope.

Hierdie beskrywing som dit nogal goed op. Ons almal het hierdie geveg in ons aan die gang. Die brief hierbo is eintlik die woorde van Paulus uit die Message vertaling van Romeine 7:15, 17-24. As jy egter Romeine 8 lees, verander Paulus se fokus van homself na die Gees van God en die oorwinning wat daar is. Die verskil? Die vervulling met die Heilige Gees.

REDIGERING EN TOEPASSING

Memoriseer die 5 poësie boeke van die Ou Testament deur die Toepassing Oefening te gebruik. Onthou, jy gaan oor die volgende paar weke al 39 boeke van die Ou Testament memoriseer en hulle saam met die 27 boeke van die Nuwe Testament in jou GROEP opsê.

Was daar 'n tyd wat jy nader aan die Here was as nou? Wat dink jy het verander?

G

R

Op watter manier probeer jy tans jou geestelike dors of smagting te vervul met iets (of iemand) anders as die Heilige Gees? Verduidelik

O

Op watter manier het jy al die Heilige Gees “bedroef” en of “geblus” deur aktiewe en passiewe sonde? Verduidelik.

E

P

Lees 1 Johannes 2:15-17. Watter sonde is miskien deel van jou lewe op die oomblik omdat daar 'n liefde vir die wêreldse dinge in jou is? Watter invloed het dit op die vervulling van die Gees in jou lewe?

E

ONDERSOEK

Dink na oor die onderstaande vrae voor julle volgende groepsbyeenkoms. Jy mag enige van die vrae gevra word en jy mag enige van hierdie vrae aan die mense in jou groep vra. Hierdie vrae sal jou help om jou lewe te evalueer in die lig van die waarheid wat julle hierdie week bestudeer het. Dit gee ook vir die ander groepslede die geleentheid om jou aan te moedig om ten volle vir Jesus te lewe. Skryf 'n paar punte in die spasies neer na aanleiding van julle groepsbespreking.

G

Hoe getrou was jy aan die EEN TREE wat jy hierdie week wou gee?

R

Indien dit moeilik was om getrou te wees aan jou EEN TREE, dink jy daar was 'n element van jy wat probeer het om dit in jou eie krag en insig te doen? Verduidelik.

O

Op watter manier kan jou GROEP jou op die oomblik ondersteun?

E

Was jy hierdie week betrokke in enige seksuele sondes waarvan jy moet afsien?

P

Het jy al begin skaaf en skuur aan jou persoonlike getuienis? Op watter manier kan die GROEP jou bystaan in hierdie proses?

E

EVANGELIE EN MISSIE

STORIEVERTELLING:

G

Deur die jaar het jy begin om 'n lys saam te stel van mense vir wie jy gereeld bid en wat nodig het om vir Jesus te ontmoet. Veronderstel jy het 'n gesprek met een van hierdie persone en hulle maak die deur vir geestelike dinge wawyd oop deur te vra: “Ek weet jy glo in God, maar hoekom is dit vir jou so belangrik? Hoekom leef jy so?” Hoe jy in die volgende paar sekondes gaan reageer, kan baie keer 'n maak of breek situasie wees vir daardie persoon se geestelike reis. Dit is in daardie oomblik waar jy die geleentheid het om jou storie te vertel en as jou storie nie mooi agtermekaar is nie, het jy heel moontlik 'n geleentheid gemis om Jesus se missie op te neem deur woord.

R

In die vorige studie het jy begin om jou eie storie – jou getuienis – neer te skryf. Die gevaar is baie keer dat ons stories soveel elemente bevat en ons wil so baie dinge sê, dat ons nie die geleentheid wat oor ons pad kom om ons storie te vertel effektief gebruik nie. Ons moet onthou dat wanneer daar 'n geleentheid kom om ons storie aan 'n ongelowige te deel, dit 'n invloed op daardie persoon se ewigheid kan hê. Ons moet dus seker maak ons stories voldoen aan 'n paar vereistes.

O

Lees weer deur jou getuienis en kyk dan of daar enige van die volgende, gevaarlike elemente te vind is in jou storie. Maak dan die nodige aanpassings:

E

Gevaar Element 1: Langdradigheid

Hou die persone aan wie jy jou storie vertel dop. As hulle liggaamstaal begin sê jy verveel hulle het jy dit nie reg gedoen nie. Hou jou storie kort en laat die persoon toe om 'n paar opvolgvrae vir jou te vra. Laat jou storie by hulle 'n verlange skep vir meer. Vertrou God om 'n gesprek oop te breek indien jy iets addisioneel tot jou storie moet sê.

P

Gevaar Element 2: Vaagheid

Baie mense se stories het te veel persone en seminare en kerkdienste as 'n beskrywing, en die persoon wat na die storie moet luister kan later nie meer tred hou met wat die eintlike storielyn is nie. Hou jou storie eenvoudig met een duidelike storielyn wat die hart van jou geestelike reis bevat.

E

Gevaar Element 3: Groot, Christelike Woorde

Woorde soos “verlossing”, “wedergeboorte”, “Here en Verlosser”, beteken nie baie vir mense wat nie vir Jesus volg nie. Baie keer maak ons stories sin vir mense wat in die kerk is, maar nie vir mense wat geen agtergrond van kerk en God het nie. Dit vat baie werk om algemene Christelike terme te verander in jou storie, maar dit is die moeite werd. Jy sal graag by 'n ongelowige wil hoor: “Ek het alles verstaan wat jy gesê het.

Gevaar Element 4: Meerderwaardigheid

Die gevaar is dat ons storie baie keer vrome stellings en hoogmoedige aannames bevat. Hierdie tipe elemente in 'n storie skep die idee dat ons nie vir die ander persoon omgee nie, maar eintlik dink ons is belangriker as hulle of dat hulle een of ander projek in ons lewens geword het. Ons moet nooit die idee skep dat ons die mense is wat ons lewens

agtermekaar het en die ander persoon is die arme, verlore persoon met swak standarde. Daar is niks soos hoogmoed en meerderwaardigheid wat maak dat mense afgesit word van die dinge van God nie.

Wanneer jy aan jou storie dink moet dit wees soos byvoorbeeld wanneer jy 'n persoon in die winkels raakloop wat jy omtrent ses maande laas gesien het en baie gewig verloor het. Een van die eerste dinge wat jy gaan sê is, "Jy lyk wonderlik! Wat het jy gedoen om so baie gewig te verloor?" In daardie oomblik wil jy nie 'n langdradige en vae storie hoor van seminare en mense wat hulle gesien het en waar jy sukkel om by te bly met wat hulle eintlik gedoen het nie. Jy wil nie 'n klomp groot wetenskaplike terme hoor van wat hier gebeur het of enigsins die idee kry dat hierdie persoon nou dink hy/sy is beter as jy omdat hulle so baie gewig verloor het en jy nog steeds sukkel met jou gewig nie.

G

R

O

E

In daardie oomblik wil jy in 'n kort storie hoor van hoe oorgewig hulle was, wat hulle gedoen het of begin doen het om anders te lewe en watter impak dit tans in hulle lewe maak. Jy wil iets hoor soos: "Ek kon net nie meer vir myself in die spieël kyk nie en het besluit ek moet nou iets doen. Ek het by so-en-so gym aangesluit en saam met 'n persoonlike afrigter begin oefen. Ek het oor die laaste ses maande 20kg verloor en ek voel wonderlik. Ek het meer energie en meer selfvertroue as ooit!" Só 'n storie trek jou aandag en maak dat jy nog meer wil weet oor hulle keuse en lewenstyl.

laagtepunt in my lewe beleef en was oorweldig deur skuldgevoelens. Ek is gevang in 'n baie vernederende situasie en my spyt het my byna versmoor. Ek het toe vir Jesus ontmoet en Hy het my 'n nuwe begin gegee. Hy het my nie veroordeel nie. Hy was genadig teenoor my." Sy het dit heel moontlik oor en oor vir verskillende mense vertel.

Dink aan die storie wat Saggeus vertel het na dít wat in Lukas 19 gebeur het. Iets soos: "Ek was vasgevang in 'n patroon waar my hele lewe oor geld gegaan het. Die greep van geldgierigheid was so sterk dat ek net nie kon loskom nie. Dit het elke verhouding wat ek gehad het verwoes, maar toe ontmoet ek vir Jesus. Hy het my vrygemaak van die greep van geldgierigheid. Hy het my geleer hoe om werklik om te gee vir mense, veral die armes. Dit is wat Jesus vir my gedoen het. Hy het my gehelp loskom van ongesonde gewoontes en in 'n nuwe rigting gestuur."

P

E

Dieselfde beginsels geld vir ons getuïenisse. Dink aan die persoon in Johannes 9 wat blind was en wie Jesus genees het. Sy storie was – ek was blind, maar nou kan ek sien. Dink aan die vrou in Johannes 8 wat in owerspel betrap is en 'n ontmoeting met Jesus gehad het. Haar storie was heel moontlik iets soos: "Ek het op 'n stadium 'n verskriklike

Neem jou getuïenis en lees weer daardeur. Kyk of jy enige van die vier Gevaar Elemente optel en maak die nodige veranderings. Wat is die een goue storielyn van jou geestelike reis? Kom dit duidelik in jou storie uit? Kyk of jy nou jou storie in 'n 100 of minder woorde kan skryf. Dit sal verseker dat jy al die verskillende gevaar elemente kan uithaal en dit sal jou help om jou storie te kan deel in die oomblikke nadat iemand jou uitvra oor jou geloof. Die storie hierbo van die vrou in Johannes 8, is 57 woorde. Die storie van Saggeus, is 89 woorde. Jy kan dit doen! Die krag van jou eie storie kan maak dat mense se ewigheid in 'n nuwe rigting gestuur word. Wanneer jy jou persoonlike geloofstorie mooi geskaaf en skuur het, sal jy verbaas wees oor die krag van jou eie storie. Wanneer jy jou eie storie in opregtheid met ander deel, sal jy die bonatuurlike werk van God sien soos God dit vir sy eer, en tot die voordeel van dié wat luister gebruik.

Probeer jou storie in 'n 100 woorde of minder neerskryf sodat jy dit met jou GROEP kan deel by julle volgende byeenkoms.

G

R

O

E

P

E

PRAAT MET GOD

*“Julle word egter nie deur julle sondige natuur beheers
nie, maar deur die Gees, want die Gees van God woon
in julle...”*

Romeine 8:9 (ANV)

G

Vra die Here dat Hy in 'n groter mate jou lewe sal beheer en dat Hy vir jou die dele in jou lewe sal uitwys wat jy nog nie onder sy beheer geplaas het nie.

R

My gebedsversoek ten opsigte van die geestelike waarheid van hierdie week:

O

My gebedsversoek ten opsigte van 'n situasie in my lewe:

E

My gebedsversoek ten einde 'n lewe van omgee en missie te leef:

P

Gebedsversoeke van ander in my groep:

E

EEN TREE

Na aanleiding van julle gesprekke vandag in die groep en jou studie die afgelope week, wat ervaar jy is die EEN TREE wat die Heilige Gees jou vra om te gee in jou verhouding met Jesus? Wat is die EEN ding wat jy hierdie week moet doen?

Ek gaan hierdie week...

G

R

**Maak seker jou stelling is baie spesifiek, meetbaar en evalueerbaar en indien dit 'n spesifieke tydslyn het, is dit nog beter.*

O

E

P

E